**LUG JOU MENING OOR DIE WES-KAAPSE WETSONTWERP OP OPENBAREBIBLIOTEEKDIENSTE VAN 2025**

---

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se Staande Komitee oor Polisietoesig, Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport sal die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Openbarebiblioteekdienste [W 1–2025] as deel van sy grondwetlike verantwoordelikhede oorweeg.

Die doel van die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Openbarebiblioteekdienste [W 1–2025] is om die voorsiening van openbarebiblioteekdienste in die Wes-Kaap te reguleer; om voorsiening te maak vir die koördinering van verantwoordelikhede vir openbarebiblioteekdienste; om voorsiening te maak vir die registrasie van openbare biblioteke; om voorsiening te maak vir die opdra aan Munisipale Rade van sekere funksies van die Provinsiale Minister ten opsigte van openbare biblioteke; om die funksies van openbarebiblioteekadministrateurs te bepaal; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die openbare verhore sal soos volg gehou word:

| DATUM | PLEK | TYD |
|---|---|---|
| **Dinsdag 29 April 2025** | Moorreesburg-stadsaal, hoek van Kerk- en Pleinstraat, Moorreesburg | 11:00 tot 13:00 |
| **Dinsdag 29 April 2025** | Caledon-stadsaal, Pleinstraat 22, Caledon | 17:30 tot 19:30 |
| **Woensdag 30 April 2025** | Raadsaal (sesde verdieping), Waalstraat 7, Kaapstad | 11:00 tot 13:00 |
| **Woensdag 30 April 2025** | Virtueel op Microsoft Teams | 14:00 tot 16:00 |

Persone wat belangstel om met die Staande Komitee oor die Wetsontwerp te skakel, kan skriftelike voorleggings indien (e-pos: wmatthews@wcpp.gov.za).

Rig voorleggings, navrae en versoeke aan mnr Waseem Matthews (e-pos: wmatthews@wcpp.gov.za). Voorlegging kan ook as teksboodskappe aan 084 444 3817 gestuur word. Sluit asseblief jou volle naam, e-pos-adres en kontaknommer in wanneer jy kommentaar aan die Staande Komitee stuur.

Alle voorleggings moet die Staande Komitee bereik teen nie later nie as Woensdag 30 April 2025 om 14:00.

Toegang tot die virtuele openbare verhoor kan by jou plaaslike biblioteek en/of Cape Access-sentrums verkry word. Die skakel vir die vergadering sal ook op versoek verskaf word.

Die Wetsontwerp kan op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se webtuiste by www.wcpp.gov.za afgelaai word. Afskrifte van die Wetsontwerp sal op versoek aan belangstellende persone gestuur word.

**Uitgereik deur mnr T Walters (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor Polisietoesig, Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport.**